

19 IRAN Baie Iranse Christene is gedwing om Iran te verlaat as gevolg van hul geloof. Bid dat God hierdie Christene sal bedien in die nuwe plekke waar hul hulself bevind. Bid dat Hy die oë van die Iranse regering sal oopmaak sodat hulle nie bedreig sal voel deur Christenskap nie.

20 SIRIË In die voortdurende onrus, staan Siriese paartjies 'n unieke uitdaging in die gesig – hulle het geen dokumente om hul kinders se bestaan te bewys nie. Bid dat die Here h' weg sal maak vir dié gesinne en dat hul kinders hul identiteit in Christus sal vind.

21 SIRIË Kom ons bid ernstig dat 2018 die jaar sal wees waarin die oorlog in Sirië tot h' einde kom – mag die Here ingryp en h' einde aan die pyn en lyding in hierdie land bring.



Kom ons bid ernstig dat 2018 die jaar sal wees waarin die oorlog in Sirië tot h' einde kom.

22 KAZAKSTAN Prys die Here vir pastoor Yklas Kabduakasof (56) se vrylating. Hy keer terug na sy vrou, kinders, en baba wat gebore is nadat hy gearrester is. Bid dat die Here met die gesin sal wees terwyl hulle weer aanpas by hul lewe saam.**

23 SUIDELIKE FILIPPYNE Bid vir Marawi in die Suidelike Filippyne wat verlede jaar van die Islamitiese Staat (IS) bevre is. Bid dat namate rehabilitasie voortgaan, God vir dié sal voorsien wat hul werk verloor het as gevolg van die IS-inval.

24 SRI LANKA Dank die Here vir pastoor Rajamay wat homself toegewei het aan die opleiding en ontwikkeling van jongmense in sy dorpie. Bid vir wysheid en leiding vir hom en dat die jongmense wat hy lei tot seën van die gemeenskap sal wees.

25 SENTRAAL-ASIË Zania*, h' ma van drie en vrou van pastoor Mahmut*, h' ondergrondse kerkleier, is moeg van al die druk wat hulle ervaar as gevolg van hul geloof. Sy voel heeltemal platgeslaan. Bid asseblief dat sy emosioneel en geestelik verfris sal word.

26 MALEISIË Bid dat dit nog h' vrugbare jaar vir geheime gelowiges in Maleisië sal wees om te groei in die geloof. Bid ook vir God se beskerming vir hulle en hul geliefdes, sodat geen een van hulle leed aangedoen sal word nie, inaggenome die verdwyning van pastoor Raymond Koh verlede jaar.

27 BROENEI Bid vir God se vars openbaring en krag vir geheime gelowiges in Broenei sodat hulle sal bly groei in die geloof. Bid dat hulle verseker sal wees dat die liggaam van Christus saam met hulle staan in gebed en liefde.

28 MALEDIVE Prys die Here vir die groter hoeveelheid eenheid wat ons sien onder sendingsorganisasies en werkers in Maledive. h' Onlangse byeenkoms het gewys dat vertroue en samewerking besig is om te floreer. Bid dat die Here die eenheid sal bly bou tussen almal wat h' hart het om Maledive vir Christus te bereik.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsdoeleindes.

**Bron: Voice of the Martyrs



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362

E southafrica@od.org | I www.opendoors.org.za



@opendoorssa



Open Doors South Africa



open_doors_sa



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

GEBEDSKRYGERS FLITS

GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



“Die wat met trane saai, sal met gejubel maai.
Hy loop aldeer en ween en dra die saadkoring;
hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe
dra.” –Psalm 126:5-6 (OAB)

**Februarie
2018**

1 TSJAD Achta is in haar sewentigs en toe haar Moslem-man oorlede is, het haar kinders vir haar gesorg, maar opgehou toe sy in 2016 h Christen geword het. Hulle het weer na haar begin omsien nadat haar seun, Ahmat, geraak is deur hoe die kerk haar ondersteun, maar hulle aanvaar steeds nie haar geloof nie. Bid asseblief vir die verlossing van Achta se kinders.

2 NIGERIË Mercy is voorheen ontvoer, geforseer om Islam te aanvaar en met h Moslem-man te trou. Sy het uiteindelik dit reggekry om te ontsnap en oor te begin. Verlede jaar, November, het sy met h Christenman getrou. "Ek het die duisternis verlaat en is nou in die lig," het sy gesê. Dank die Here vir die wonderlike genesing wat Hy in haar lewe gebring het! Bid dat sy en haar man, saam, sal bly groei in die Here.

3 SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK (SAR) In SAR, het die geweld gedurende 2017 agteruitgang in die humanitêre situasie in die land veroorsaak, en die regering was tot dusver nie in staat om beheer te herstel nie. Bid vir die regering vir h oop pad om outoriteit en beheer tot stand te bring.

4 ETHIOPIË Verlede jaar, toe Amanza* (20) besluit het om Christus te volg, het haar ouers haar sonder h heencome gelaat. Sy kon nie haar matriekeksamen voltooi nie en moes die skool verlaat. Bid dat die Here h weg vir haar sal maak om terug te gaan skool toe – sy is h uitstekende student en hoop om eendag ekonomie te studeer.

5 ETHIOPIË Toe Z, h voormalige Moslem, weier om terug te keer tot Islam, het haar pa gedreig om haar te vermoor om sy eer te herstel. Kerkleiers kon genadiglik vir haar ander huisvesting kry. Bid dat sy standvastig in die geloof sal bly en dat God haar pa se hart sal versag.

6 SOMALIË Verlede jaar, Oktober, in die hoofstad van Mogadishoe, is 300 mense vermoor in h bomaanval, gevolg deur nóg 29 mense wat twee weke later in h tweede bomaanval vermoor is. Bid vir vrede om herstel te word en dat die regering in staat sal wees om die werksaamhede van Islamitiese ekstremiste te dwarsboom.

7 WES-AFRIKA Daar is net h paar Christene onder die Moslem-Fulani, maar die Here voeg meer by hul kudde. Hierdie Christene het baie moed nodig, want hulle word verwerp en vervolgd deur hul Moslemfamilies. Bid dat hulle die Here se beskerming sal ervaar.

8 SOEDAN In Soedan, probeer die Islamitiese regering om die Kerk se invloed te beëindig deur kerkkomitees, aangestel deur die kerk, te dwing om plek te maak vir mededingende komitees, goedgekeur deur die staat. Bid vir God se genade en wysheid vir die kerkleiers van verskeie gemeentes wat hierdie druk ervaar.

9 SOEDAN Bid dat die Here die regering en geheime agente se harte sal versag teenoor Christene in die land. Mag die Christene genade ervaar om hul getuieis uit te leef vir die Here.

10 INDONESIAË As gevolg van Islamitiese ekstremiste, is Indonesië steeds besig om minder en minder te lyk na h demokratiese land met h verdraagsame vorm van Islam. Bid dat te midde dit alles, Christene in die land nie sal fokus op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.



Bid vir die Here se beskerming oor die Christene in Wes-Afrika wat deur hul Moslemfamilies vervolgd word.

11 JEMEN Wanneer h land in oorlog gewikkel is, is dit baie moeilik om kinders te onderrig. Bid asseblief vir h oop pad vir kinders en jongmense in Jemen om wél onderrig te ontvang.

12 ALGERIË In 2006 is h wet aangeneem wat godsdiensvryheid reguleer, en dit bly probleme veroorsaak vir die Kerk in Algerië. Bid vir die afskaffing van hierdie wet sodat die Kerk se werk nie belemmer sal word nie.

13 LIBANON In Libanon, leef inwoners met die realiteit dat sommige van hul bure deel van die Islamitiese Staat was, of steeds is. Dit het trauma veroorsaak onder die mense. Genadiglik was die Kerk daar vir baie van hierdie mense. Bid dat, deur die Kerk se teenwoordigheid, baie in die land, Christus sal leer ken.

14 IRAK Bid vir die politiese leiers in hierdie land om saam te werk en eenheid te skep onder alle etniese groepe, in stede daarvan om teen mekaar oorlog te maak.

15 MAROKKO Verlede jaar het h groep jongmense dit moeilik gevind om h Christelike byeenkoms te reël. Prys die Here dat ten spyte van die moeilikhede, was hul uiteindelik in staat om die byeenkoms te hou. Bid vir hul geestelike ontwikkeling, toekomstige byeenkomste, en vir geleenthede om met wysheid van hul liefde vir Jesus te getuig.

16 INDIË Verlede jaar in Oktober is Christene in Raoutpara en Jharipara baie erg aangerand deur omtrent 200 ekstremiste, want hulle het geweier om hul geloof te versaak. Die ekstremiste het klein kinders op die grond gegooi en vroue se klere geskeur om hulle te verneder. Bid dat die Here die wat aangeval is ten volle sal genees.

17 OOS-AFRIKA EILANDE h Vrou het een van ons vennote vertel dat sy beide Jesus en Mohammed in haar drome gesien het – Mohammed kon glad nie vergelyk met die glansrykheid van Jesus nie. Bid dat deur hierdie droom, die vrou vrae sal vra en Jesus as haar Verlosser sal leer ken.

18 BANGLADESJ Bid vir die geletterdheidsopleiding, gemik op grootmense, vir onderwysers in Bangladesj. Bid dat hierdie jaar, deur die opleiding, selfs meer gelowiges die seëning sal ervaar om te leer om hul Bybels op hul eie te lees.